Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 24: *Vayikra* (ויקרא): Hy het Geroep

יהוה *het Moshe geroep en met hom gepraat vanaf die Tent van Ontmoeting en gesê.....*
Levitikus 1:1 – PWL[1]

Torah: Lev. 1:1 tot 6:7 (Afrikaanse Ou Vertaling[2])

- **Inleiding –** Vergeet nie My Torah nie!
- **'n Afgesonderde Priesterdom**
- **Lev. 1:1** – YHVH het Moses geroep.
- **Lev. 1:2** – Wanneer iemand 'n offer bring**.**

Haftorah: Jes. 43:21 tot 44:23

- **Jes. 43:1** – Verkondigers van YHVH se Lof

Hernieude Verbond: Mark. 7:1 tot 30; Rom. 8:1 tot 13; Heb. 9:11 tot 28; 10:1 tot 22; 13:10 tot 16

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch
[2] Volgens sommige vertalings, soos byvoorbeeld in die *Complete Jewish Bible* is Lev. 6:1 tot 7 deel van hoofstuk vyf van Levitikus.

The thought of what has already been accomplished can be the death of that which is still to be accomplished – Rabbi Kalman Packouz

Yesterday is a canceled check, tomorrow is a promissory note, today is cash. Spend it wisely!

You know, people say today: "Oh, I am just a saved sinner." That is like saying you are a married bachelor. That is like saying you are an honest thief, or a pure harlot. You can´t be a saved sinner. You are either saved or you are a sinner. He came. "Thou shalt call his name Yeshua. He shall save his people from their sins." – Leonard Ravenhill.

Jy is of dood vir sonde of jy is dood vanweë sonde!!

Midrash (Torah Bespreking)

Inleiding: Vergeet nie my Torah nie!

My seun, moenie My wet vergeet nie, maar laat jou verstand, wil en emosie My opdragte bewaar, want dit sal lengte van dae en lang lewe vir jou byvoeg en liefde, goedheid en waarheid sal jou nie verlaat nie; bind dit om jou nek, skryf dit op die tafels van jou verstand, wil en emosie, dan sal jy onverdiende guns vind en insig in die oë van God en die mense. Spr. 3:1 tot 4 – PWL

Jode begin hulle kinders se onderrig in Torah op die ouderdom van 5 jaar en hulle begin dan met *Vayikra* (Levitikus). Waarom nie met Genesis nie? Die antwoord is: *"Since the children are pure and the sacrifices are pure, let the pure come and occupy themselves with things that are pure."* (Leviticus Rabbah 7:3). Dit herinner ons aan die spreuk: *Buig ‘n boompie terwyl hy nog jonk is!!*

Terwyl dit sekerlik waar is dat kinders die gebeure van Genesis en Exodus baie meer interessant sal vind, en waarskynlik ook makliker sal onthou, word kinders nietemin eerstens aan die onderrig uit *Vayikra* blootgestel. Die rede hiervoor is dat die offerandes so ‘n integrale deel van elke kind moet word dat hy of sy as volwassene spontaan sal reageer wanneer Torah oortree word, naamlik gesondig het. Die volgende kan as illustrasie dien: Wanneer ons in die oggend ons huise verlaat, sal ons miskien iets soos ons horlosie, selfoon of beursie vergeet, maar ons sal nooit vergeet om klere aan te trek nie. Ons optrede is instinktief, maar tog doelgerig. Net so moet YHVH se Torah so noodsaaklik in ons lewens wees, en so ‘n integrale en instinktiewe deel daarvan uitmaak, dat ons dit nooit sal vergeet nie! Om YHVH se Torah te doen (gehoorsaam te wees) moet soos klere aantrek wees! Ons doen dit omrede dit instinktief is en deel van ons aard is, maar ons doen dit op ‘n doelbewuste wyse!

Torah is ons lewensbloed en ons lewensdoel is om Torah-gehoorsaam te wees. Indien Yeshua as die Lewende Torah sentraal in ons lewens staan, sal ons deur die Afgesonderde Gees telkens herinner word wanneer ons Torah oortree en sal ons onmiddelik met berou teruggaan na die Eenmalige Offer van vergifnis. Dan sal ons

telkens nuut begin met ‘n begeerte om nie weer te sondig nie, naamlik ‘n begeerte en ywer om nie weer YHVH se onderrig en instruksies (Torah) te oortree nie.

Let op hoe oorvloedig die liefde van die Vader vir ons is: dat Hy ons kinders genoem en ook kinders gemaak het! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie omdat dit Hom ook nie ken nie. Julle vir wie ons lief is, ons is nou kinders van God en dit is tot nou toe nie openbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat ons, as Hy openbaar word, na Sy beeld sal wees en Hom sal sien net soos Hy is en elkeen wat hierdie versekerde verwagting in Hom het, reinig homself soos Hy rein is, maar elkeen wat sondig, breek die wet. Eintlik is sonde om sonder die wet te wees. Julle weet dat Hy openbaar is om ons sondes weg te vat en dat daar geen sonde in Hom is nie. Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat aanhou sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie. 1 Joh. 3:1 tot 6 – PWL.

Alle boosheid is sonde en daar is ’n sonde wat nie tot die dood is nie. Ons weet dat elkeen wat vanuit God gebore is, nie sondig nie, want Hy wat vanuit God gebore is, beskerm sy lewe en die Bose een raak nie aan hom nie. Ons weet dat ons vanuit God is en dat die hele wêreld in die Bose een lê. Ons weet dat die Seun van God gekom het en aan ons begrip gegee het om te weet Wie die Waarheid is en ons is in die Waarheid, in Sy Seun, Yeshua, Die Gesalfde Een. Hy is die ware God en die Ewige Lewe. 1 Joh. 5:17 tot 20 – PWL.

Torah is YHVH se kleed van geregtigheid wat ons kan aantrek op grond van geloof in Yeshua Messias as die versoening met YHVH. Die tabernakel leer ons nie net van hierdie vergifnis deur die offerande nie, maar ook hoe om as koninklike-priesterdom in YHVH se teenwoordigheid te lewe.

Die tabernakel en die kampterrein om die tabernakel is ‘n sinnebeeld van hemel op aarde indien die priesterdom en die hele Israel Torah-gehoorsaam lewe. YHVH woon in die midde van Sy volk indien hulle nie Sy Torah vergeet nie, maar dit doen!

Bepeins of Bespreek

1. Hoekom word die gedeelte van die gebed wat Yeshua ons geleer het, naamlik *laat u konkinkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde* (Matt. 6:9 en 10), oënskynlik nie beantwoord nie? Wat verhinder dat daar hemel op aarde kan wees? Is dit nie ons skuld dat daar nie hemel op aarde is nie? Lees die artikel van Johann Möller in die verband wat afgelaai kan word deur op hierdie skakel te kliek: http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/03/Hemel-Aarde.pdf

‘n Afgesonderde Priesterdom

Levitikus is die derde boek van Moses en dus die derde boek van die Torah. Die Hebreeuse naam van hierdie boek is *Vayikra* wat afgelei is van Lev. 1:1 wat begin: *YHVH het Moses geroep.....* Die sewentig Rabbies wat die Tanakh in Grieks vertaal het,

het hierdie boek egter Levitikus genoem en dit beteken: *Met betrekking op (tot) die priesters*.

Levitikus is die middelste en kortste boek van Torah. Die hooftema is heiligmaking (afgesonderdheid) en die sleutelteks kan as Lev. 11:45 beskou word:

want Ek is יהוה *wat julle uit die land van Egipte uitgebring het om julle God te wees. Julle moet daarom afgesonderd wees, omdat Ek afgesonderd is* (PWL)

Om in ons lewenswandel afgesonderd (heilig) te wees, is ook die opdrag van die hernieude verbond (1 Pet. 1:15 en 16). Die bo alles uitstaande hoedanigheid van YHVH is Sy morele volmaaktheid en Sy etiese standaard van reinheid, naamlik die reëls en vereistes ten opsigte van gedagtes, woorde en dade. Heiligheid vereis ‘n vrywillige en vreugdevolle onderdanigheid aan YHVH se Torah, asook om afgesonder en vernuwe (‘opgelei’ en toegerus) te word vir dienswerk.

Daarom handel Levitikus hoofsaaklik oor die verpligtinge van die priesters ten opsigte van veral die hantering van die offerandes, asook die onderrig en instruksies vir ‘n voorspoedige en ordelike samelewing. Gehoorsaamheid aan Torah is heiligmaking!!

Die boek van Levitikus kan soos volg onderverdeel word:

- Hoofstukke 1 tot 7: Die offerandes deur die individu, die gemeente (gemeenskap; die volk) en die priesters.

- Hoofstukke 8 tot 10: Die wyding van die priesters en die eerste offerandes deur Aäron.

- Hoofstukke 11 tot 15: Die onderskeid tussen rein en onrein diere en die reiniging van diegene wat onrein geword het.

- Hoofstuk 16 en 17: Dag van Versoening (*Yom Kippur*), die plek van offerandes en die verbod om bloed te eet.

- Hoofstukke 18 tot 22: Huweliksake, sedewette, straf vir verskillende misdade en die reinheid van die priesters.

- Hoofstuk 23: YHVH se Bestemde Tye (Feestye).

- Hoofstuk 24: Straf vir godslasteraars en ander misdadigers.

- Hoofstuk 25: Die Shabbatsjaar en die Jubeljaar.

- Hoofstuk 26: Seëninge vir gehoorsaamheid en vloeke vir ongehoorsaamheid

- Hoofstuk 27: Onderrig en instruksies oor tiendes en beloftes.

Die tabernakel is ‘n mikrokosmos van dit wat YHVH geskape het. Dit verwys terug na die wêreld soos YHVH dit geskape het en soos dit was voor die sondeval van die mens. Dit is ook ‘n heenwysing van hoe dit weer sal wees nadat YHVH Sy plan van herstel, soos ondermeer deur die feestye uitgebeeld word, voltooi het.

Vayikra (Levitikus) kan opgesom word as YHWH wat Sy Bruid roep tot ‘n leefwyse van afgesonderde intimiteit (geestelike gemeenskap; *fellowship*) met Hom deur die offerandes en die feestye. Dit kan ook gesien word as die onderrig en instruksies in gehoorsaamheid tot heiligmaking. *Vayikra* is die handleiding vir hoe om in die tabernakel, naamlik in die teenwoordigheid van YHVH, te leef.

Die doel van die tabernakel moet ook gesien word as ‘n geleentheid wat YHVH aan Israel gebied het om hulself aan Hom toe te wy deur dienswerk. Aan die einde van Exodus het ons geleer dat die tabernakel voltooi was volgens die onderrig en instruksies van YHVH

So het Moshe dan die werk voltooi en die wolk het die Tent van Ontmoeting oordek en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het die tent gevul. Ex. 40:33 en 34 – PWL.

Nou moet die onderrig en instruksies aangaande die dienswerk in die tabernakel begin!! Die begin van ‘n leefwyse as YHVH se koninkryk van priesters en ‘n afgesonderde (heilige) volk (Ex. 19:5).

Julle is ’n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, ’n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprysinge van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgegee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort. 1 Pet. 2:9 en 10 – PWL.

Die boek van Levitikus (*Vayikra*) leer ons dat:

- ❖ Vergifnis van sonde is alleenlik deur die onskuldige wat in die plek van die skuldige sterf.

- ❖ Vergifnis moet opgevolg word deur gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies (Torah).

Ons verhouding met YHVH begin dus met sondevergifnis deur die gepaste slagoffer (Yeshua, die Eenmalige Offer) en ons leef dan in die regte verhouding met YHVH deur gehoorsaamheid aan Torah (Yeshua, die Lewende Torah). *Vayikra* is ‘n sinnebeeld (afbeelding en heenwysing) hiervan.

Bepeins of Bespreek

1. Moet daar nie weer besin word oor die betekenis van 1 Kor. 3:16, 2 Kor. 6:16 en Efes. 2:19 tot 22 nie? Die algemene siening is dat elke gelowige individu die tempel

van Vader-God is. Die vraag is egter of elke individu ‘n tempel van YHVH-God is en of elke individu ‘n deel van die tempel van God is? Met ander woorde: Verwys hierdie Skrifverwysings na die individu of na die gemeente? Ek haal die volgende aan uit ‘n skrywe van Jan de Beer (voormalige NG predikant) onder die titel: *Is jou liggaam ‘n tempel van die Heilige Gees?* Hy skryf ondermeer:

*Op geen plek in die Skrif word van jou as **individu** gepraat as ‘n tempel nie. Ek kan werklik geen Skrif vind wat beweer dat jy as individu ‘n tempel is nie.*

Ek vermoed jou eerste reaksie hierop is dat dit wel in die Skrif staan. Sê Paulus nie uitdruklik dat ons tempels van die Gees is nie? Sover ek dit kon bestudeer: Nee, daar is geen plek in die Skrif waar dit geskrywe staan nie.

Kom ons dink net oor die konsep van die tempel of tabernakel in die Tanakh. Daar is net een tabernakel, wat vervang is met een tempel. Dalk sou jy hierdie beswaar kon opper: “Maar stel die voorhof, heilige en allerheiligste nie die liggaam siel en gees van die mens voor nie? Dan is die mens mos tempel van God?” Dit klink mooi, maar op watter Skrif is hierdie siening gebaseer? Kan iemand die Skrif hiervoor wys? Ek kan dit nêrens vind nie.

Nou moet ek eers toegee: daar is Skrifgedeeltes wat klink asof Paulus beweer dat jy of jou liggaam ‘n tempel van die Gees is. ‘n Noukeurige studie van hierdie verse bevestig die teendeel. Kom ons kyk na hierdie bekende Skrifgedeeltes:

1 Kor. 3:16 (Afrikaanse Ou Vertaling)
Weet julle [meervoud] nie dat julle [meervoud] ’n tempel [enkelvoud] van God is en die Gees van God in julle [meervoud] woon nie?

Die gelowiges (korporatief – “julle”) vorm saam ‘n tempel van God, en die Gees woon in die gelowiges (korporatief). Jy as individu is dus nie ‘n tempel nie, maar saam met ander gelowiges vorm jy die tempel van God. Tempel van God is ‘n korporatiewe (gesamentlike) konsep en nie ‘n individuele konsep nie.

Dit beteken nie dat die Gees nie in jou as persoon kom woon nie, dit beteken net dat jy nie jouself as gevolg van die Gees in jou ‘n tempel kan noem nie. Jy het ‘n deel van die Gees, en saam met ander gelowiges vorm julle ‘n korporatiewe (gesamentlike) tempel van God. Dink aan Handelinge 2:3 “Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit.” Die boodskap wat hier duidelik gegee word, is dat die Gees verdeel en dat ‘n deel van die Gees op elke individu gaan rus. Geen enkele individu ontvang die volheid van die Gees nie, en daarom is geen individu ‘n tempel nie. Elkeen is ‘n deel van die tempel.

Die groot probleem wat ontstaan wanneer jy jou liggaam (individueel) as ‘n tempel van God sien, is dat mense in hul eie outoriteit en onafhanklik van die liggaam begin optree en lering gee. Omdat die individu die volle tempel van God is, kan daardie individu op sy/haar eie gesag staan om mense te onderrig in die Woord. Die gevaar

hiervan is dat ons te make kry met 'n reeks valse predikers en profete, en ons kan niks aan hulle doen nie, want "elkeen is dan 'n tempel van God, waardeur die Gees werk", en wie sê vir jou dat jy die Gees reg hoor en daardie een die Gees verkeerd? Ons kry dus te make met die gebruik binne afgodsdiens wat bestaan uit 'n veelvoud van tempels wat elkeen outonoom optree, en selfs in kompetisie met mekaar verkeer. Wanneer jy verstaan dat jy deel uitmaak van die tempel van God, saam met ander gelowiges, is jy bereid om jou siening met ander te deel, met die verwagting dat die res van die liggaam jou ook sal korrigeer waar jy nie volgens die Woord van God optree of leer nie.(Einde van aanhaling).

Hiermee saam moet ons dan die vraag vra of die individu wat YHVH se Torah as uitgedien verwerp hoegenaamd met die Afgesonderde Gees gevul is tot die mate om deel van die tempel van YHVH te kan wees? Is ons nie geneig om die korporatiewe eenheid van die liggaam van Yeshua – die gemeente – as minder belangrik te ag nie? Dan moet ons ook vra of Vader-God in sy volle Heerlikheid in ons midde sal woon terwyl daar verdeeldheid tussen Sy kinders is?

Lev. 1:1 – YHVH het Moses geroep

יהוה *het Moshe* ***geroep*** *en met hom gepraat vanaf die Tent van Ontmoeting en gesê:*
Lev. 1:1 – PWL.

Ons lees ook in Ex. 19:3 die volgende:

Moshe het opgeklim na God toe en יהוה *het* ***uitgeroep*** *na hom van die berg af en gesê: "So moet jy vir die huis van Ya'akov sê en aan die kinders van Yisra'el vertel.* (PWL.)

Die *uitgeroep* in Ex. 19:3 en die *geroep* in Lev. 1:1 is dieselfde Hebreeuse woord, naamlik *karah* (קרא), maar die wysgere van ouds wys op 'n baie belangrike verskil in hierdie twee teksverse. In Ex. 19:3 is die toon gebiedenderwys, terwyl in Lev. 1:1 sinspeel dit op intimiteit. Hierdie *intieme geroep* sinspeel op die oorspronklike (oeroue) roepstem van die Almagtige – nie noodwendig hoorbaar nie, maar tog 'n duidelike bewustheid om te hoor met jou *geestelike ore*. Hierdie gedagte word bevestig deur die feit dat die laaste letter van *vayikra***,** die aleph, kleiner geskryf is as die res van die letters. Dit sinspeel op die gedagte van fluister. YHVH het aan Moses gefluister, wat dus ook sinspeel op 'n intieme verhouding tussen YHVH en Moses.

Daarom beskryf Judaïsme die boek van Levitikus soos volg*: It is The book of God's love for man, and His desire to pursue this relationship on the level playing field, where man and God meet, free of pretense and unburdened either by man's myriad imperfections or by God's perfect One-ness, that is the Tabernacle, known in Hebrew as the Mishkan. Mishkan, from the Hebrew root for "dwelling" denoting a place, or more specifically, a meeting place, of unlimited, uninterrupted and uncorrupted Being. The book of Leviticus isn't an allegory of the love between G-d and Israel, it is the most intimate expression of that love itself.*

Die tabernakel, priesterorde en offerandes (dienswerk) is die "voltooiing" van YHVH se begeerte om in die midde van Sy volk te woon. Daarom is *vayikra* die onderrig en instruksies hoe hierdie intieme verhouding tussen YHVH en die mens moet funksioneer. Dit wat ons in Gen. 1:1 geleer het oor wat YHVH se begeerte en plan met die skepping was, het nou in die tabernakel gemanifisteer en was 'n heenwysing na Yeshua wat onder ons kom tabernakel het (Joh. 1:14) en wat ook 'n heenwysing na die Millennium en die nuwe hemel en aarde is wanneer YHVH Yeshua vir ewig onder ons sal tabernakel.

Alles gaan oor 'n intieme liefdesverhouding: *It is not a religion, but a relationship* – 'n verbondsverhouding. Godsdiens is die mens wat deur rituele sy god moet behaag. 'n Verbond is nie 'n godsdiens nie, maar 'n verhouding waar die verbondsvennoot altyd die prioriteit op grond van wedersydse liefde is. Daarom is YHVH voortdurend besig om na die mens uit te reik en "hulpmiddels" ('n weg) te voorsien vir die mens om nader aan Hom te beweeg. Dit is die doel van die offerandes.

Die begrip, insae en intimiteit wat met die tabernakel en priesterlike dienswerk gepaard gegaan het, het ongelukkig verlore geraak. Ons beskik nie meer oor 'n ware meetsnoer (*benchmark*) nie, want daar is nie meer 'n aardse tabernakel (tempel) waar YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid eerstehands ervaar kan word nie. Daarom is die bestudering van die derde boek van Moses, *Vayikra*, so noodsaaklik, want dit gee ons insae in hoe die verhouding tussen YHVH en die mens moet wees. Onthou: Die priesterlike dienswerk het in YHVH se voortdurende teenwoordigheid plaasgevind.

Bepeins of Bespreek

1. Die feit dat die alef in *vayikra* **(**ויקרא**)** kleiner as die ander letters geskryf is, is volgens die wysgere ook 'n heenwysing na die nederigheid van Moses (Num.12:3). Volgens Hebreeuse denke is nederigheid om te besef dat YHVH aan jou sekere talente gegee het en jou op sekere wyses geseën het (voorspoed, gesondheid, ens), maar om te besef dat sou YHVH dieselfde vir iemand anders gedoen het, dan sal daardie persoon waarskynlik meer vermag het as met dit wat YHVH vir jou geskenk het. Met ander woorde: Moet jouself nooit beter as enige ander persoon beskou nie. Vergelyk dit met Efes. 4:1 en 2; Fil. 2:3 en 8; Kol. 3:12**;** Jak. 4:10; 1 Pet.5:6.

Lev. 1:2 – Wanneer iemand 'n offer bring

Praat met die kinders van Yisra'el en sê vir hulle: As iemand van julle aan יהוה *'n offer bring, moet julle jul offer bring vanuit vee: van beeste of van kleinvee.* Lev. 1:2 – PWL.

Diere as offerande is moeilik versoenbaar met die hedendaagse samelewing. Die meerderheidsiening sal dit waarskynlik as wreed beskou! En tog is dit nie hoe Torah dit sien nie! In ons Westerse Christendenke is daar 'n onbewustelike teensinnigheid om te aanvaar dat YHVH 'n God is wat nie net behae gevind het om deur diere-offers aanbid te word nie, maar wat ook die reuk van gebrande vleis komende van die brandofferaltaar as 'n lieflike geur beskou het.

Ons moet onthou dat ons nooit die ewige wysheid van Torah kan aanpas by ons eie siening of die van die voortdurende veranderende beskouing van die samelewing nie.

Terwyl dit waar is dat Yeshua die eenmalige offer is wat al die verskillende offerandes vervul het, is dit eweneens waar dat ons nie die ware betekenis daarvan kan verstaan sonder om die betekenis van die verskillende offerandes te verstaan nie.

Diere as offerande was bedoel as ‘n intense konfrontasie met sonde! Die skuldige, naamlik die oortreder van YHVH se Torah (die sondaar) het met berou ‘n dier as offerande gebring. Dan het hy sy hande op die dier se kop gelê en was sodoende gedwing om tot selfkennis te kom van die ‘skade’ wat sonde aangerig het. Hierdie besef het werklikheid geword wanneer die dier se keel afgesny was en op die brandofferaltaar verbrand was. Dit was ‘n baie persoonlike en emosievolle ervaring van die onskuldige wat in die plek van die skuldige gesterf het. Die offer van diere was bedoel om ‘n weersin in sonde – die oortreding van Torah – te verwek! Daarom is dit te verstane dat deel van die gebede van Judaïsme is om die Vader te vra om hulle te leer en te help om sonde te haat!

Die oortreding van Torah (die wet) is ‘n ‘besoedeling’ wat ‘n toestand van onreinheid veroorsaak en dus verwydering tussen YHVH en die oortreder van die wet tot gevolg het. Die doel van die offer (*korban*) is om die sondaar te reinig sodat hy weer in YHVH se teenwoordigheid kan staan. Dit is dan die kerndoel van die offerandes, naamlik om nader aan YHVH te beweeg. Levitikus leer ons dus van YHVH se genade van versoening by wyse van die onskuldige wat in die plek van die skuldige sterf.

Ons weet dat die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23). Letterlik beteken dit dat die ‘vergoeding’ (betaling) wat elkeen wat Torah oortree, sal ontvang, is die dood. Hierdie is nie net die ewige dood nie, maar ook die ‘vergoeding’ in terme van die vloeke wat met Torah-ongehoorsaamheid gepaard gaan en wat die ewige dood voorafgaan (Verwys Levitkus hoofstuk 26 en Deuteronomium hoofstuk 28). Die offerandes kan dus beskou word as YHVH se genade wat Hy aanbied in die plek van die loon van die sonde.

In die lig hiervan kry Joh. 10:10 ‘nuwe’ betekenis:

Die dief kom nie, as net om te steel, dood te maak en te vernietig nie. Ek het gekom, dat hulle lewe kan hê en watter oorvloed daar ook al vir hulle is (PWL)

Die dief steel, moor en vernietig waar Torah-ongehoorsaamheid heers. Diegene wat egter YHVH se Torah in hulle verstand ontvang het en op wie se hart dit geskryf is, en wat dan deur die genade van sondevergifnis en versoening deur Yeshua Messias begeer om daarvolgens te lewe, hulle ervaar oorvloed lewe.

Elke Israeliet wat die voorgeskrewe brandoffer (*olah*) en die voorgeskrewe sondoffer (*chatas*) gebring het, was iemand wat reeds YHVH as sy God (Elohiem) aangeneem het. Die doel van elke offer was dus om vergifnis van YHVH te vra vir sonde (oortreding van

Torah) en sodoende die verhouding te herstel (om terug te beweeg onder die vleuels van die Almagtige), asook om van ‘n gewetenslas ontslae te raak en weer *shalom* te ervaar.

Die woorde *as iemand...* in vers 2 is die Hebreeuse woord *adam* en kan daarom ook lees *as ‘n mens.....* Hierdie woord, *adam,* vind ons in verskillende teksverse van Torah, maar volgens die Rabbynse wysgere van ouds is daar subtiele verskille in die betekenis van hierdie woord in die verskillende teksverse waar dit voorkom. So byvoorbeeld is die betekenis van *adam* in Gen. 16:12, verwysend na Ismael, *pere-adam* wat *‘n wilde esel van ‘n mens* beteken. Terwyl in Ex. 13:13 word die woord *bechor-adam* gebruik wat verwys na *elke eersgeborene (seun) uit die moederskoot van die mens*. In ons teksvers in Lev. 1:2 word daar egter verwys na *adam* as die mens soos deur YHVH aanvanklik voor die sondeval geskape is. Die betekenis is dat met die tabernakel en offerandes het YHVH weer die geleentheid geskep vir die mens om soos in die tuin van Eden tot YHVH-God te nader. As te ware fluister Vader-God deur Moses aan die mens (*adam*): *Jy hoef nie meer beskaamd te wees oor jou naaktheid nie. Deur die tabernakel en offerandes kan jy weer die intieme verhouding ondervind soos wat dit was voor jy van die boom van kennis van goed en kwaad geëet het*!

Daarom, Lev 1:2 wat lees: *As iemand van julle aan* יהוה *‘n offer bring, moet julle jul offer bring vanuit vee...* beteken volgens Hebreeuse begrip die volgende: *Die mens (adam) in jou sal sy dierlike aard na my toe bring as ‘n offerande.* Hiermee word bedoel dat die mens sy sondige aard as offer bring om te sterf sodat hy nader aan YHVH sy God kan beweeg.

Is dit nie wat Paulus ons inderwaarheid ook leer nie? Het ons nie ook ons sondige aard na die Vader gebring om as te ware saam met Yeshua aan die kruis te sterf nie?

Wat sal ons daarom sê? Sal ons in die sonde bly sodat die onverdiende guns meer kan word? ’n Verwerplike gedagte! Hoe kan enige een van ons wat dood is vir die sonde, weer daarin leef? Of weet julle nie dat díe van ons wat in Die Gesalfde Een, Yeshua, gedoop is, in Sy dood gedoop is nie? Ons is saam met Hom begrawe in die doop tot die dood sodat net soos Die Gesalfde Een uit die dood uit opgestaan het deur die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Sy Vader, ons ook net so in ’n nuwe lewe kan leef, want as ons een geword het met Hom deur dieselfde dood as Hy, sal ons ook een wees met Hom in dieselfde opstanding as Hy. Ons weet dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is sodat die liggaam van sonde vernietig sou word sodat ons nie langer ’n slaaf van die sonde sal wees nie, want hy wat dood is, het homself van die sonde bevry. Rom. 6:1 tot 7 – PWL.

Die tabernakel, priesterorde en offerande was deur YHVH aan Israel gegee as ‘n wyse om in Sy teenwoordigheid te kan lewe. Maar die finale stap moet deur die mens self geneem word, naamlik om ‘n offerande te bring wat sondevergifnis bewerkstellig en ‘n verhouding met Vader-God bevestig. Hierdie was alles ‘n heenwysing na die genade van die hernieude verbond. Yeshua is ook ons eenmalige offer tot wedergeboorte, maar ook ons eenmalige offer wanneer ons weens ons swakhede Vader se Torah oortree.

As ons sou sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die Waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes erken en laat staan, is Hy vertrouenswaardig en regverdig om ons ons sondes te vergewe en Hy sal ons van alle boosheid reinig. 1 Joh. 1:8 en 9.

As gelowiges in Yeshua Die Gesalfde Een gaan ons steeds na die Vader en bring ‘n offer van ons sondige aard wat steeds neig om Torah te wil oortree. YHVH, ons Vader, is *vertrouenswaardig en regverdig om ons ons sondes te vergewe en Hy sal ons van alle boosheid reinig.* In Yeshua is daar telkens ‘n nuwe begin waar die verhouding met Vader-God herstel word!

Live as if you were living a second time, and as though you had acted wrongly the first time – Viktor Frankl

Bepeins of Bespreek

1. Dit is belangrik om die verskil tussen ‘n *sacrifice* en ‘n *offering* te verstaan. Die Engelse vertaling van Lev. 1:1 praat van ‘n *sacrifice* en nie van ‘n *offering* nie. In Afrikaans is die verskil in betekenis tussen hierdie twee woorde nie so duidelik nie. ‘n *Sacrifice* kan die beste vertaal word as ‘n slagoffer en ‘n *offering* as ‘n geskenk. *According to Rabbi Samson Raphael Hirsch: a "sacrifice" implies giving up something that is of value to oneself for the benefit of another. An "offering" implies a gift which satisfies the receiver. The Almighty does not need our gifts. He has no needs or desires. The Hebrew word is korban, which is best translated as a means of bringing oneself into a closer relationship with the Almighty. The offering of korbanot was only for our benefit to come close to the Almighty. Ramban, one of the essential commentaries on Torah, explains that through the vicarious experience of what happened to the animal korbanot, the transgressor realized the seriousness of his transgression. This aided him in the process of teshuva – correcting his erring ways.*

2. Die gedagte van nederigheid is ook in die offerandes vervat. Die term *korban* (*sacrifice*, slagoffer) is afgelei van die woord *karab* en beteken *om nader te kom* (*te benader; naby te kom*). Ons kan Lev. 1:2 dus vrylik soos volg vertaal: *As iemand na My toe kom (naby my wil kom), moet hy ‘n offer bring vanuit vee: van beeste of van kleinvee*. Ons kan YHVH ons Vader-God alleenlik in nederigheid en in afhanklikheid nader nadat ons vergifnis in Yeshua ontvang het. Ons het niks om op te roem nie! Die hoogste vorm van nederigheid is om jouself as offer te bring! ‘n Ware offer is nie iets wat losstaande van jouself is nie, maar dit is die offer van jou selfwil – die offer van die eie-ek (selfisme)! Verwys Rom. 12:1 en 2.

3. In Lev. 1:14 lees ons dat in sekere omstandighede kon ‘n tortelduif (Hebreeus: *tore*) of ‘n jong duif (Hebreeus: *bnei yonah*) ook as brandoffer (*olah*) gebring word. Hierdie twee tipe duiwe het unieke eienskappe, naamlik: Anders as ander dierspesies is die tortelduif getrou aan slegs een lewensmaat en sou dié sterf bly die tortelduif enkellopend tot en met sy of haar dood. Die *bnei yonah* is die jong duif wat nog nie gepaar het nie en wat altyd na die nes toe terugkeer. Die tortelduif simboliseer

getrouheid aan YHVH, naamlik dien geen ander gode nie, terwyl die jong duif die terugkeer na Torah simboliseer.

4. Het jy al gebid en die Vader gevra om jou te help om Sy Torah lief te hê en die sonde (die oortreding van Torah) te haat?

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Jes. 43:1 – Verkondigers van YHVH se Lof

Die volk wat Ek vir Myself gevorm het, sal My lof verkondig. Jes. 43:21 – PWL Vertaling

Hierdie eerste teksvers van ons Haftorah Skriflesing herinner ons aan die woorde van die Apostel Petrus:

Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is. 1 Pet. 2:9 en 10

Israel, en elkeen wat deur geloof in Yeshua as Messias deel van Israel word, is geroep om YHVH se lof te verkondig en ons doen dit deur die dienswerk wat ons as 'n koninklike priesterdom in YHVH se Koninkryk verrig. Die maatstaf en standaard van ons dienswerk is YHVH se Torah. Dienswerk vereis eerstens gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies – Sy Torah.

Die gevaar van priesterlike dienswerk is egter dat dit 'n blote godsdienstige ritueel kan word. Daarom is YHVH meer geïntreseerd in ons hartsgesindheid waarmee ons Torah-gehoorsaam is. Dit is nie soseer wat ons doen, en hoe ons dit doen, waarin YHVH geïntreseerd in is nie, maar wel hoekom ons dit doen!

In Jes. 43:22 sien ons dat Israel se hartsgesindheid teenoor YHVH verander het aangesien hulle Torah as 'n vermoeienis gesien het:

Nogtans het jy My nie aangeroep, o Jakob, dat jy jou vir My sou vermoei het nie, o Israel!

Maar deur die profeet sê YHVH egter vir Israel dat Hy hulle geen oorlas aangedoen het met spysoffers en hulle nie met wierook vermoei het nie. Nee, inteendeel dit is Israel wat YHVH met hulle ongeregtighede vermoei het (Jes. 43:23 en 24).

Ons lees ook van hierdie aanklag teen Israel in Amos 5:21 en 23:

Ek haat, Ek versmaad julle feeste en het geen welgevalle aan julle feestye nie. Want al bring julle vir My brandoffers saam met julle spysoffers, Ek het daar geen welbehae in nie, en die dankoffer van julle vetgemaakte kalwers sien Ek nie met welgevalle aan nie.

Verwyder van My die geraas van jou liedere! En na die geluid van jou harpe wil Ek nie luister nie.

Ook hier sien ons dat Israel gedoen het wat Torah voorskryf, maar tog was dit vir YHVH verwerplik. Hoekom? Want Israel het nie ware geregtigheid gedoen nie. YHVH se geregtigheid is liefde vir Hom wat deur Torah-gehoorsaamheid gedemonstreer word en liefde vir medemens wat met goeie werke gepaardgaan!

There is no true love for man without the love of God, nor any real love or duty to God without the love of man.

Ons moet daarteen waak dat ons dienswerk as koninklike priesterdom nie in wettiesheid verander nie! Dan moet ons ook onthou dat die doel van alles wat ons doen is om nader aan Vader-God te beweeg. Maar die heel belangrikste is dat ons dienswerk verrig omrede ons Vader-God met ons hele wese liefhet en ons naaste soos onsself. Dit is hoe ons YHVH se lof sal besing en dit is die basis waarop YHVH se geregtigheid berus. Die wat, die waar, die hoekom en die hoe van wat ons doen moet hieruit voortvloei.

Bepeins of Bespreek

1. Is Torah-gehoorsaamheid vir jou soos huisversekering wat jy teen ‘n brand uitneem, naamlik teen die vlamme van die hel? Hoekom is jy Torah-gehoorsaam? Is dit ‘n blote teen-reaksie op die valse leringe waaraan jy vir jare blootgestel was? Wil jy vir ander bewys dat jy ‘meer geregverdig’ is as hulle? Probeer jy nie dalk die guns van Vader-God deur Torah-gehoorsaamheid wen nie? Is Torah-gehoorsaamheid vir jou ‘n ware vreugde gebore uit liefde?

2. Is die Christendom nie vandag ook daaraan skuldig dat hulle YHVH se wet as ‘n vermoeienis beskou nie? Dit ten spyte daarvan dat Vader-God baie duidelik daaroor is dat sy wet (Torah) nie ‘n las is nie (Deut. 30:11 tot 16; Rom. 10:6 tot 10).

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom tot volgende keer.
Johan

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.